**SiVEST**
**Omgewingsafdeling**

SiVEST
Gestig in 1952

# BASIESE EVALUERING (BE) EN OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM (EMPr) VIR DIE VOORGESTELDE UITBREIDING VAN 'N 500M$^3$ GROOTMAAT BRANDOLIE-OPGAARTENK BY DIE GROOTVLEI KRAGSTASIE, MPUMALANGAPROVINSIE

**DEA EIA Verwysingsnommer: 12/12/20/2358**

**NEAS Verwysingsnommer: DEA/EIA/0000418/2011**

Ooreenkomstig die advertensies vir die Basiese Evalueringsproses gedateer 2 September 2011 (Daily Sun) en 13 September 2011 (Nigel/Heidelberg Rekord) wat geplaas is kragtens Artikel 44 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (soos gewysig), saamgelees met Artikel 24(5) van die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings onder Staatskennisgewing R543 en R544 wat op 18 Junie 2010 afgekondig is, word die publiek hiermee in kennis gestel dat die Konsep Basiese Evalueringsverslag (Konsep BEV) in druk beskikbaar gemaak sal word vir oorsig en kommentaar en wel by die plekke soos hieronder uiteengesit. Die Konsep BEV sal ook op SiVEST se webwerf (http://www.sivest.co.za/Download.aspx soek dan die legger "*10937 – Grootvlei Bulk Storage Fuel Oil Tank BA*"), op Eskom se webwerf (http://www.eskom.co.za/eia) en op CD (op skriftelike versoek) beskikbaar wees.

## OORSIGTYDPERK VAN DIE KONSEP BASIESE EVALUERINGSVERSLAG

Ingevolge die OIE-regulasies sal die Konsep BEV vanaf **Donderdag, 13 Oktober 2011** tot **Maandag, 21 November 2011** (teen sluitingstyd), dit is vir 'n tydperk van **40 dae**, by die volgende plekke beskikbaar gestel word vir **oorsig en kommentaar**:

| PLEK | STRAATADRES | KANTOORURE | KONTAKNOMMER |
|---|---|---|---|
| Balfour Openbare Biblioteek | H/v Johny Mokoena Rylaan & Themba Shozi Straat, Balfour | Maandae tot Donderdae: 09h00 – 13h00 en 14h00 – 15h30<br>Vrydae: 09h00 – 13h00 | 017 773 0055 |
| Eskom Grootvlei Kragstasie Hoofingang (Ontvangs) | | Maandae tot Vrydae 08h00 – 16h00 | 017 779 8801 |

## KENNISGEWING VAN EN UITNODIGING NA OPENBARE OPEDAG EN OPENBARE VERGADERINGS

Belangstellende en/of Geaffekteerde Partye (B&GP's) word ook uitgenooi om 'n Openbare Vergadering by te woon wat gehou sal word op:

| DATUM | OPENBARE OPEDAG | OPENBARE VERGADERING | PLEK |
|---|---|---|---|
| Dinsdag, 1 November 2011 | 16h00 – 17h00 | 17h00 – 18h30 | Ou Eskomsaal, 2e Straat, Eskom Grootvlei |

Die doel van die Openbare Vergadering is om die bevindinge van die Basiese Evalueringsproses wat vir die voorgestelde projek onderneem word, aan die publiek voor te hou, om Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) die geleentheid te bied om kommentaar en/of knelpunte te opper en om met die projekspan te gesels.

Rig asseblief alle navrae aan die volgende Openbare Deelnamekonsultante:


**Nicolene Venter** of **Mabel Qinisile**

SiVEST Environmental
Posbus 2921 Tel: 011 798 0600
RIVONIA Faks: 011 803 7272
2126 E-pos: nicolenev@sivest.co.za of mabelq@sivest.co.za
Webwerf: www.sivest.co.za